

RADIOPRAATJIE VIR RSG, 15 April 2013, Dr Chris Viljoen

Naam: Petrus Britz

Titel: Programbestuurder, LNR – Instituut vir Landbouingenieurswese, Pretoria

ONDERWERP: VLEISBEES VOERKRALE

Wat ?	'n Vleisbees voerkraal word gebruik om beeste te voer uit voerkrippe, sonder dat die beeste buite in die veld agter die weiding aan hoef te stap.
Hoekom.	<p>Meer beeste/ha kan in voerkrale aangehou word. Beter voeromset kan bereik word, want die beeste vermors nie energie om lang afstande te stap nie. Dit verminder dus ook gronderosie, aangesien geen paadjies getrap word nie. In die winter is baie weiding nie so geskik nie, dus behoort beeste dan gevoer te word. Beter beheer kan ook oor die beeste verkry te word, omdat hulle makliker bereikbaar is in die voerkraal vir ondersoek en veeartseny dosering, ens.. In 'n beheerde voerkraalopset is diefstal ook feitlik uitgeskakel.</p> <p>Voerkrale maak ook modern tegnologie moontlik vir beter vleisgehalte en beter voeromsetverhoudings. Die gebruik van skadunet is nog relatief onderbenut in SA. Dit is in die VSA bewys dat skaduvoorsiening markgereedheid met 7 dae vervroeg (van 157 na 152 dae). Beeste wat te warm kry, vreet nie en vermors energie in die sweetproses. Aangesien voerkoste ongeveer 60% van die totale koste is, is enige besparing in voer sinvol.</p> <p>Die gebruik van RFID tegnologie kan die hantering van die beeste verminder met gepaardgaande minder stress en arbeid. Minder stress beteken ook minder melksuur in die spiere, wat beter vleiskwaliteit tot gevolg het.</p>
Maak jou somme.	Onthou dat omtrent 'n ton voer aangery word per bees, dus moet daar groot hoeveelhede voer in die omgewing wees wat ekonomies na die voerkraal vervoer kan word. Die produsent kan ook sy eie kuilvoer maak. Daar moet ook 'n abattoir naby wees om vervoerkoste te bespaar. Voldoende gestoorde water en voer vir 'n paar dae is nodig in geval van kragonderbrekings en moontlike stakings.
Duur?	Suksesvolle sakemene sê jy kan nie geld maak as jy nie bereid is om geld te investeer nie. Die belegging in infrastruktuur sal die landbou sakeman produsent beloon met 'n hoër waarde produk. Met kennis, deursettingsvermoë en innovasie is enige iets moontlik.
Kontak	<p>Petrus Britz</p> <p>Programbestuurder, LNR – Instituut vir Landbou-ingenieurswese, Pretoria</p> <p>Tel: 012 842 4311</p> <p>e-Pos: BritzPJ@arc.agric.za</p>

